

HOËR TEGNIESE SKOOL - WELKOM TECHNICAL HIGH SCHOOL - WELKOM



Skoolhoof/Principal:
P.J.H. Swanepoel B.Sec.Ed

(057) 352-3255/6
(057) 352-9772
X36, WELKOM 9460
htswelkom@telkomsa.net

OMSENDSKRYWE 1/2020

24 JANUARIE 2020

Aan die begin van 2020 wil ons weer van die geleentheid gebruik maak om aan al ons ouers 'n geseënde en voorspoedige jaar toe te wens. Weereens sal ons die nuwe jaar aanpak met die opregte geloof dat ons Hemelse Vader weer in oorfloed sal voorsien!

1. Welkom aan alle nuwe Tekkies

Aan al die nuwe Tekkies, tesame met die ouers wat hulle verteenwoordig, wil ons baie welkom in Tekkieland sê. Wees verseker dat dit ons grootste prioriteit is om toe te sien dat u seun toegerus word met dit wat nodig is vir sukses "dàar buite"! Mag jul verbintenis met HTS Welkom vir ons almal groot vreugde verskaf.

2. Dissipline by die skool

Dissipline is die hoeksteen vir prestasie in akademie, kultuur en buite kurrikulêre aktiwiteite. Die skoolbestuurspan asook die personeel het 'n vergadering gehou waar die algemene dissipline van die skool bespreek is. **DIT IS BELANGRIK DAT ALLE LEERDERS EN PERSONEEL EEN PROSEDURE SAL VOLG SODAT DIE DISSIPLINE IN DIE SKOOL MOET VERBETER.**

DIE DISSIPLINÊRE PROSEDURE VOORDAT 'N KLAS IN AANVANG NEEM IS AS VOLG:

1. **Leerders moet betyds vir klas wees! Na die tweede klok sal hy nie toegelaat word nie.**
2. Leerders sal voor die klas ordelik en stil staan indien daar plek is.
3. Leerders moet ordelik en stil die klas binnegaan.
4. Leerders moet alfabeties in die klas geplaas word en mag slegs deur die onderwyser geskuif word.
5. Alle leerders staan stil langs hul banke. Leerders word gegroet en kan dan sit en hul boeke uithaal.
6. Eers wanneer die klok lui en die betrokke onderwyser toestemming gegee het, mag die leerders die klaskamer ordelik verlaat.
7. Geen leerder mag die klaskamer sonder die toestemming van die onderwyser verlaat nie. (Stuurkaartjie moet gebruik word)
8. Geen leerder mag tydens 'n klas eet of kou nie.
9. Geen leerder mag 'n selfoon tydens 'n klas hanteer nie. Geen oorfone word op die terrein toegelaat nie!!!
10. Geen leerder sal tydens 'n periode toegelaat word om badkamers toe te gaan nie, slegs in noodgevalle.

3. Skoolgelde betaalbaar

Met u getroue betaling van skoolgelde vir 2019, baie genade van Bo, asook gesonde finansiële bestuur, was ons in staat om die jaar te oorleef. Dit is weer ons dringende versoek dat ons ouers ook in 2020, te midde van moeilike omstandighede, die skoolgelde getrou sal betaal.

Daar is bepaalde wetgewing wat die betaling van skoolgelde verpligtend maak vir diegene wat dit wel kan bekostig, en dan is daar ook bepaalde wetgewing wat voorsiening maak vir volle/gedeeltelike vrystelling aan ouers wat dit nie kan bekostig nie. Kom ons sorg asseblief dat ons binne die wetgewing bly. **Aansoeke t.o.v. vrystelling van skoolgelde moet jaarliks gedoen word en voor die einde Maart 2020 afgehandel wees. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.**

Vir enige navrae is u baie welkom om direk met die finansiële kantoor te skakel.

1. **Skoolgelde beloop R12 000,00 vir die jaar of R1 200,00 per maand vir 10 maande.**
2. **Indien die volle bedrag voor die einde Maart 2020 betaal word, is daar 'n 10% korting**

4. Veiligheid en sekuriteit

Ons wil graag die omgewing waarbinne leerlinge kan leer, speel en ontwikkel so veilig moontlik hou en daarom moet u kennis neem van die volgende:-

- **Alle besoekers moet eers by ontvangs aanmeld.**
- Toegang word by die hekke beheer en gekontroleer.
- Leerlinge mag slegs die terrein verlaat indien deur 'n graadhoof afgeteken en indien die ouers die leerling self kom haal of toestemming gegee het.
- Leerlinge/tasse mag deursoek word in die geval waar redelike vermoede bestaan. In die geval waar 'n inkriminerende getuienis opgelewer word, sal streng volgens wetgewing gehandel word.
- Leerders beskadig en breek die beton sekuriteitsheining aan die spoorlyn se kant om toegang tot die skool te verkry. 'n Hek is gemaak waardeur die leerders toegang kan verkry. Slegs die een toegangshek in Volksweg mag gebruik, nie die hoofhek nie!

4.1 Voertuie en motorfietse

Leerders wat met motors of motorfietse skool toe kom moet 'n **lisensie** hê asook 'n parkeringskyfie van HTS om op die skoolgrond te parkeer. Die voertuig of motorfiets moet **padwaardig** wees. Dit is nie 'n reg nie, maar 'n voorreg om voertuie op die skoolgrond te parkeer!

Die voertuig of motorfiets moet dadelik op die aangeduide plekke parkeer word wanneer die leerder in die oggend die skoolterrein betree.

Leerders mag nie gedurende pouses en na skool op die terrein rondry nie. Geen leerders mag pouse om motors of motorfietse saamdrom nie. Geen harde musiek mag vanuit motors gemaak word nie. Indien leerders nie hieraan gehoor gee nie, verbeur hulle die voorreg om hul motor of motorfiets op die skoolterrein te mag parkeer.

5. Handboeke/Leesklasse

Ten spyte van kennisgewings en SMS'e aangaande die **R650,00** betalings, was daar ouers wat dit nie nagekom het nie. Dit het ook die taak bemoeilik om handboeke so vinnig moontlik by die leerders te kry. **Ons vra dat u 'n persoonlik reëling by die finansiële kantoor moet tref waar van toepassing.**

U word ook weereens daaraan herinner dat handboeke en tekenborde in goeder trou aan die leerlinge geleen word. In die geval van boeke moet dit netjies oorgetrek word, sodat dit aan die einde van die jaar in dieselfde toestand teruggehandig kan word. **Verlore en/of beskadigde skoleiendom moet betaal word.**

Terugbetalings van handboeke wat verlore geraak het gedurende 2019 en teruggevind is, kan slegs deur die ouers afgehaal word.

6. Oorpakke/Tekenapparaat

Vir veiligheidsdoeleindes, asook vir die beskerming van skoolklere, is die dra van oorpakke/oorjasse in die werksinkels verpligtend. U kind kan ook slegs sinvol by die leerproses van 'n vak soos Ingenieursgrafika en Ontwerp betrek word indien hy wel oor die nodige tekeninstrumente beskik. Tekeninstrumente word aan die leerlinge geleen in goeder trou. **Verlore en/of beskadigde tekeninstrumente moet betaal word.**

7. Skoolure/Studiehulpklas

Die grootste probleem wat ons ondervind, is die feit dat leerders laat kom vir skool en nie getrou huiswerk doen nie en die akademie daaronder ly. **Maak asseblief seker dat u seun betyds is vir skool. As hy laat is na die tweede keer, sal hy nie toegelaat word om die perseel binne te gaan nie! Monitering sal deur 'n departementshoof gedoen word en op die SASAMS-stelsel aangeteken word.**

Die skoolure sal as volg wees:

07:40 – 14:00 op 'n Maandag

Dinsdag, Woensdag en Donderdag as volg:

07:00 – 13:50 Onderrigtyd

14:00 – 15:00 Studiehulpklas vir leerders

14:00 – 15:45 Sportperiode

07:40 – 14:00 op 'n Vrydag

8. Sportperiode/deelname

Dit word van leerlinge verwag om ten minste by een sport/kultuuraktiwiteit betrokke te raak, aangesien ons weet watter voordele dit vir u kind inhou. Deelname aan sport het die afgelope jaar afgeneem en ons het nie alle sportmanne by die sportvelde gekry nie.

9. Skoolassesseringsplan vir 2020

'n Skoolassesseringsplan word aangeheg. Alle assesseringsdatums sal aan die leerders gegee word deur die onderwysers. Ons vra dat u seker sal maak dat u seun alle take/projekte en PAT's sal inhandig op die voorgeskrewe datums wat bepaal is. Toets- en eksamendatums is ook aangedui. Maak asseblief seker dat u seun hom by die voorgeskrewe datums sal hou.

Asseseringstake en PAT's moet op/voor die sperdatum ingehandig word. Enige asseseringstake en PAT's wat laat ingehandig word, sal nie deur die onderwyser aanvaar of gemerk word nie. (Gedragskode)

LEERDERS MOET TEKEN VIR ONTVANGS EN INHANDIGING VAN ALLE TAKE EN PAT'S.

10. Kriteria vir die implementering van promosie- en progressievereistes vir graad 10-12

Hierdie kriteria is soos volg: (Omsendskrywe E35 vanaf DBO)

- a) 'n Leerder wat nie aan die bevorderingsvereistes van óf graad 10 of graad 11 voldoen nie en graad 10 of graad 11 moet herhaal;
- b) Die leerder die Taal van Leer en Onderrig en nog drie van die sewe vakke aangebied geslaag het;
- c) die leerder die skool bygewoon het op 'n gereelde basis. Afwesigheid van meer as 20 dae sonder 'n geldige rede, sal die leerder diskwalifiseer om bevorder te word;
- d) Die leerder voldoen het aan die voorgeskrewe skoolgebaseerde assessering (SBA) vereistes vir die betrokke akademiese jaar. (Alle SBA punte moet ingehandig wees)

'n Leerder moet aan al die bogenoemde kriteria voldoen om in aanmerking te kom vir progressie tot die volgende graad.

11. Skryfbehoeftes

Ons doen 'n beroep op u as ouer om toe te sien dat u seun die nodige skryfbehoeftes het, byvoorbeeld: bloupen, potlood, uitveër, liniaal, neon (merk) pen ens.

12. Ouervergaderings

Verpligte ouervergaderings sal die tweede week van elke kwartaal plaasvind. U as ouer is aanspreeklik om die vergadering by te woon. Tydens die vergadering sal die graadhoof terugvoering gee ten opsigte van die akademie en algemene probleme. U sal die geleentheid kry om u seun se rapport af te haal en om met die vakonderwysers in gesprek te tree.

13. Afsprake deur ouers

Indien u as ouer/voog 'n personeellid wil spreek moet u 'n afspraak maak. Alle bestuurspanlede is gedurende die eerste periode beskikbaar deur 'n afspraak met hulle te maak. (08:00-08:45) Geen onderwyser sal gedurende klastyd u te woord staan nie.

14. Uitnodiging

Ons nooi u, as ouers, uit om met vrymoedigheid enige probleem met die skool te kom bespreek.

Tekkiegroete.



**PJH SWANEPOEL
SKOOLHOOF**